



# TOERISME SEB-HANDVESRAAD – UITNODIGING VIR BENOEMINGS

Die Minister van Toerisme, Mnr Marthinus van Schalkwyk, vra hiermee benoemings vir toepaslik gekwalifiseerde en ervare individue om lede van die Toerismebemagtigingsraad van Suid-Afrika (TECSA) te word. Die taak van die Handvesraad is om die inwerkingstelling van die Artikel 9 (1) Toerisme SEB-handves en -telkaart wat in die staatskoerant aangekondig is, aan te dryf in die strewe om ekonomiese transformasie van die toerismesektor te bereik soos dit in die sektordoelwitte uiteengesit is.

Benoemings vanuit die burgerlike samelewing, toerismebesighede, groot ondernemings, KMMO's en die arbeidsektor word verwelkom. Die volgende dokumente moet ingedien word om 'n kandidaat te benoem:

- dekbrief met kort profiel van die benoemde en die motivering vir die aanstelling van die benoemde
- benoemde se CV
- brief van die benoemde waarin hy/sy die benoeming aanvaar
- gewaarmerkte afskrifte van ID en kwalifikasies

Die sluitingsdatum vir die indien van benoemings is 29 Februarie 2012. Benoemings moet na die departement gepos en duidelik as volg geadresseer word:

Die Direkteur-Generaal
Nasionale Departement van Toerisme
Toerisme SEB-handvesnominasies
Privaat sak X424
Pretoria
0001

**Vir navrae, kontak Mnr Mathibela Mankge by**
**tel: 012 444 6569**
**e-pos: mmankge@tourism.gov.za**

tourism
Department:
Tourism
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA